



# Bio-Neem™

## Beheer van insekte (Control of insects)

Agro-Organics

Newsletter 5  
20 November 2006

## Bio-Neem™ - nie toksiese oesbeskerming Bio-Neem™ - non toxic crop protection

Neem olie word verkry vanaf die Neem boom, wat hoofsaaklik in Indië groei, waar dit as die "apteek" bekend staan agv talre medisinale eienskappe wat sy vrugte bevat. Ekstrakte van die vrug word aangewend vir spysverteringsprobleme, diabetes en hoë cholesterol. Die boom is familie van die Mahonie spesies en dra massas olyfagtige bessies, wat ongeveer 45% olie bevat.

Hierdie olie bevat chemiese komponente wat as limonoïedes bekend staan en het 'n sterk negatiewe effek op groei en eetgewoontes van insekte. Daar is ten minste 10 limonoïedes in Neem olie waarvan Azadirachtin, Salanin, Meliantriol en Nimbin die meeste nagevors is. Die belangrikste bestanddeel is egter Azadirachtin, wat die sterkste groeireguleringsseienskappe en afwerende eienskappe op insekte het.

Neem olie is effektief teen die volgende insekfamilies: *Coleoptera* (kewers en hul larwes), *Lepidoptera* (wurmfamilie-larwes van motte en skoenlappers), *Orthoptera* (nimfe en volwassenes van sprinkane). Azadirachtin meng in met die hormone wat die metamorfose proses by insekte reguleer wanneer die insek van larwe na papie na volwassene verander. Azadirachtin blokkeer hierdie proses met die gevolg dat die insek se lewensiklus verbreek word. Neem se residuele werking kan deur formulering gerek word vir meer as 7 dae en selfs langer.

- Bio-Neem™ het ook 'n verdere groot voordeel in die sin dat bye en predatore nie nadelig beïnvloed word nie.
- Saam met Bio-Insek gee dit uitstekende beheer teen snuitkewers op wingerd en appels.
- Dit beheer ook vrugtevlug waar dit as 'n grondtoediening in boorde en wingerde aangewend word.
- Daar is sterk aanduidings dat Bio-Neem™ ook goeie beheer teen aalwurms gee.
- Bio-Neem word ook gebruik op gholfbane en sportvelde vir beheer van grasperkruspes en ander insekte wat in die gras voorkom.

Neem oil originates from the Neem tree which occurs mainly in India where it is also known as the "Pharmacy" due to its numerous medicinal properties of its fruit, aiding conditions ranging from digestive disorders, diabetes to high cholesterol. The Neem tree is a botanical cousin of the Mahogany and it bears masses of olive-like fruits, which contain about 45% oil.

This oil contains chemical components known as limonoids which have strong negative effects on growth and eating habits of insects. Neem oil contains about 10 limonoids but the most researched of these are Azadirachtin, Salanin, Meliantriol and Nimbin. Azadirachtin is the most significant of these and has the most

potent growth regulating and feeding deterrent properties on insects.

Neem oil is effective against the following insect families: *Coleoptera* (Beetles and their larvae), *Lepidoptera* (worm family-larvae of moths and butterflies), *Orthoptera* (nymphs en adults of grasshoppers and locusts). Azadirachtin interferes with the hormones involved in the metamorphosis of the insect from larvae to pupae to adult. These processes are blocked by Azadirachtin resulting in disruption of the lifecycle and death of the population. The residual activity of Neem can be extended to 7 days and longer by formulation.

- Additional advantages of Bio-Neem™ is that it does not influence bees and predators.
- There is also strong indications of good nematode control with Bio-Neem™.
- It gives excellent control against Snoutbeetles on apples and vines combined with Bio-Insek.
- Also controls fruitfly when sprayed on the floor of orchards and vineyards.
- It can also be used on golf courses and sport fields for control of insects and lawn caterpillars.

## Agro-Organics Intern

Dr. Strauss Ferreira is beskikbaar vir gesprekke met u kliënte. Kontak hom gerus by: [strauss@agroorganics.co.za](mailto:strauss@agroorganics.co.za)

Dr. Strauss Ferreira is available for consultations. Just drop a note by e-mail: [strauss@agroorganics.co.za](mailto:strauss@agroorganics.co.za)

Sou u van enigiemand weet wat graag ons nuusbriewe sou wou ontvang, laat weet ons asseblief! DANKIE.

Should you know of any person that would like to receive our newsletter, please let us know! THANK YOU.

Any technical challenges can be addressed to:

[strauss@agroorganics.co.za](mailto:strauss@agroorganics.co.za)

Or just investigate our web-site:

<http://www.agro-organics.co.za>